DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug;
want sonder My kan julle niks doen nie. *Johannes 15:5*

7 Oktober 2018

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. F.J. Bijzet**
Sing vooraf	Ps. 87: 4, 5	Sing vooraf	Ps. 95: 1, 4
Sing	Ps. 105: 1, 2	Sing	Ps. 15: 1 - 3
	Ps. 119: 4, 5		Ps. 34: 6
	Sb. 16-1: 1 - 3 (15)		Ps. 19: 7
	Ps. 105: 5		Ps. 12: 1 - 3, 6
	Ps. 146: 1, 3, 8		
Skriflesing	Markus 10: 1-16	Skriflesing	Efesiërs 4:17 - 5:20 HK Sondag 43
Teks	Markus 10:14	1. Hou die duiwel buitekant die deur 2. Laat God se Gees jou lewenshuis vul	
Tema	**Die Here se beloftes behoort aan die gelowiges en hulle kinders**	Tema	**Plaas 'n wag voor jou lippe en bewaak die deure van jou mond**

2. ALGEMENE KERKNUUS

BEROEPE

Beroepe Ontvang

- Dr JA Erasmus (Jannie) van Odendaalsrus na Lichtenburg
- Ds MJ Lourens (Thys) van Vaalpark na Nelspruit as medeleraar
- Ds HFR Pelser (Riekert) van Vaalharts na Kemptonpark

Beroepe Bedank

- Dr JA Erasmus (Jannie) van Odendaalsrus na Lichtenburg
- Ds W Jobse (Wilhan) van Jeffreysbaai na Kemptonpark
- Ds TMJ Moletsane (Jeremia) van Sanveld na Zamdela, Boipatong, Sharpeville en Sebokeng
- Ds EJ van Jaarsveld (Janré) van Tsumeb na Durban-Noord

BOLANDKAMP 2018

Die Klassis Boland kamp vir hoërskool leerders vind plaas DV **6 -10 Desember** te Disakloof, Bettiesbaai. Die tema vir die kamp is: Engele,spoke en weerwolwe: Geestelike oorlogvoering! Die koste verbonde is R750 en inskrywings sluit 15 November. Meer inligting is op die kennisgewingborde aangebring.

3. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

BASAAR

Die stalletjies se plakkate is op in die teedrinklokaal. Gaan kyk asseblief watter **hulp en donasies** elke stalletjie benodig en bied gerus jou hulp en talente aan. Kom werk so kuier-kuier saam met die koördineerders en leer jou mede-lidmate beter ken op ‘n lekker informele manier.

Donasies vir die basaar kan in die konsistorie geplaas word. Geldelike donasies kan u in ‘n gemerkte koevert in die Kassiere kissie plaas of per EFT na die gemeente se bankrekening oorbetaal met die verwysing Basaar. Baie dankie!

Ons versoek vriendelik dat u asseblief nie vooraf van die geskenkde items sal neem of koop nie. Kom gerus vroeg op Basaar-dag en verseker so dat u die item kan aankoop!

Borg ‘n Bybel

Ons is dringend op soek na 'n **industriële lemoenversapper** om by die basaar te gebruik vir die verkoop van vars lemoensap. Indien u dalk kontakte het waar ons een kan leen of selfs kan aankoop teen 'n billike prys, sal ons die hulp baie waardeer.
Kontakpersoon: sr. Lizette Opperman

BYBELSTUDIE

Bellville: Dinsdag om 09h30 en 19h00
Dames Bybelstudie: Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving)

DOOP

Die Sakrament van die Heilige Doop word vanoggend bedien aan **Gerhard Louwrens Myburgh**, die seuntjie van br. Koos en sr. Bianca Myburgh en aan **Emily Snyman** die dogtertjie van br. Ian en sr. Marilie Snyman.

GELUKWENSING

Br. Koos en sr. Bianca Myburgh het op 22 September ‘n verbondskindjie van die Here ontvang. Ons dank die Here vir hierdie groot genade. Geluk ook aan die grootouers, br. Piet en sr. Hester Briel.

GEMEENTEKAMP

Net ‘n paar pensketse om te probeer verwoord die lekkerte om as gelowiges vir ‘n te korte-tyd die afgelope naweek saam jou balans weer in God se skeppingsryk in te stel. Hier waar orde nog uit genade in die natuur gehandhaaf word, top jy impakspelers op om in die lewensarena ‘n verskil as Christene te maak. Wat ‘n voorreg om te kon tyd maak en stil te raak om nie net geloof verstandelik te kon deurdink nie, maar dit ook in verwondering in jou unieke self in die onhoorbare stem van die skepping te kon beleef.
Dankie aan die Gideonsbende wat dit vir almal so ‘n belewenis gemaak het, asook vir die oorlekker kos! Ons hoop meer lidmate sal nou al 2019 se gemeentekamp in hul dagboek aanteken.

Br. Peet en sr. Nicolette van der Walt

Baie dankie aan die handjievol lidmate wat die gemeentekamp bygewoon het. Dit was werklik ‘n geseënde geleentheid en ons hoop dat daar volgende jaar ‘n beter opkoms sal wees! Maak sommer nou al ‘n aantekening van die datum – **20-22 September 2019**.
Kontakpersone: br. Jaco en sr. Willina Cilliers

KOOR

Die koor begin DV **Sondag, 14 Oktober** om 17h00 oefen vir die Kerssangaand. Alle belangstellendes word hartlik uitgenooi om saam te kom sing!
Kontakpersoon: sr. Etresia Hendricks

KREATIEWE KORALE (Hekel-en-Brei)

Die Kreatiewe Korale kom weer **eerskomende Donderdag** van 19h00 tot 21h00 bymekaar in die konsistorie. Ons nooi graag alle lidmate om **enige kreatiewe projek** te bring en saam te kom kuier. Kontakpersoon: sr. Emzy Venter

MEELEWING

Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Sr. Nicolette Costerus wat in die hospitaal was met hartprobleme.

Sr. Marie Mulder se moeder is oorlede. Mag die Here haar en haar gesin ryklik vertroos.

OMGEWINGSAKE

Met ons land wat soveel onbesoedelde bestemmings aan veral stedelinge bied om aan die seer van geknakte omgewings te ontsnap, dwing die wegbreke jou tot besinning van nuwe idees om die sleg in jou bestaan om te keer. God het in sy skepping soveel moontlikhede vir die mens opgesluit om kreatief mee te werk te gaan. Leer uit die hoe van diere en plante se oorlewings-instinkte deur byvoorbeeld water en weiding op te spoor en te bespaar, tydens droogtes te oorleef, energie op te berg en sindelik en ordelik te lewe. Dinge in die natuur is darem te doelgerig besig om op ‘n goddelike manier iets groots hier in stand te hou, om nie op ‘n ontdekkingsreis deur ons raakgesien te word nie.

VGK-KOOR

Die Vrye Gereformeerde Kerk nooi alle belangstellendes graag uit om saam te sing in ‘n koor. Die hoop is dat daar sommer baie mense sal kom om mooi musiek te maak tot eer van God. Die datums is ook aangebring by die deure. Kontakpersoon: Carike Byker (carikebyker@gmail.com)

Kerssangaand: Dinsdag, 11 Desember om 19h00
Koor-oefeninge (19h15 – 21h00): Dinsdae 16 Oktober en 30 Oktober tot 4 Desember, Vrydag 7 Desember

4. SUSTERS

TEESKINKBEURTE

Volgende Sondag: Srs. **Nicolette Costerus**, Adi du Plessis, Elise Joubert, Hanli Kruger, Marika Roos, Deléne Snyman, Sanet van Hoving, Chanté Wendt

Die nuutste lys vir teeskinkbeurte is per e-pos uitgestuur en ook op die aansteekbord aangebring. **Ons benodig nog susters om as sameroepers op te tree.** Dit behels bloot dat jy verantwoordelikheid neem vir ‘n Sondag of vergadering, reël vir vars melk en almal herinner aan hulle beurt. Kontak asseblief vir sr. Willina Cilliers indien jy bereid is om so diensbaar te wees.

VERGADERING

Alle susters word hartlik uitgenooi na die vergadering op DV **Woensdag, 17 Oktober** om **19h00**. Koffie, tee en verversings word reeds vanaf 18h30 bedien. Die aand se tema is ***Woord-stories wat geloof versterk.*** Oorweeg en bid gerus eers oor jou bydrae en laat weet dan vir sr. Judy Venter dat jy graag jou Woord-storie met almal wil deel. Meer inligting is ook per e-pos uitgestuur en op die kennisgewingbord aangebring.

5. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens

Vandag: Brs. Dewald Costerus, Cobus du Plessis, Pieter van Niekerk, **Albert Mulder**
Volgende week: Brs. Paul Swart, Tommie Venter, Reinard Visser, Ludwig Venter

Ouderlinge

Vandag: Brs. Jaco Cilliers, Johan Snyman, Berend Meijering, Ruhan Coetzee
Volgende week: Brs. Llen Labuschagne, Willem de Haan, Peet van der Walt, Harm du Plessis

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)

Vandag: Brs. Daan Joubert, Jaco Coetsee
Volgende week: Brs. André Coetzee, Herman Boneschans

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Diakonale Kas	Kas vir Blindes en Dowes
By die deure:	Bystandsfonds vir Diakonie KO Art.25	Instituut vir Christelike Onderwys

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

Oktober: 15/10 Chrismar, 29/10 Langeberg Ridge
November: 12/11 Brackenfell 1, 26/11 Table View
Desember: 03/12 Kuilsrivier

VERGADERINGS

Finansiële Kommissie
Maandag om 18h00 in die konsistorie
Sustersbestuur
Woensdag om 19h00 in die kerkhuis
Basaar (alle koördineerders)
Volgende Sondag na die aanderediens in die kerkgebou
Katkisasie Kommissie
Volgende Sondag na die aanderediens in die konsistorie
Skiereiland vir Christus
Volgende Sondag na die aanderediens in die kerkhuis

6. VERJAARSDAE

Baie geluk aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar. ‘n Geseënde nuwe lewensjaar word u toegebid.

Vandag	Sr. Rita Steyn
08/10	Br. Chrisjan Vrey
10/10	Br. Jacques Kemp
12/10	Elandri Hattingh (5 jaar) Kaleb van Wyk (1 jaar)
13/10	Br. Pierre du Toit Br. Dick van der Wilt

... Ek, die Here, sal hulle gebede verhoor, ek, die God van Israel, sal hulle nie verlaat nie.
Jesaja 41:17

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag** om **16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za